ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

Uitgawe 21!

# KOERANiA

Augustus 2025 | Volume 1 Uitgawe Nr 21







## KITSNUUS

Lees meer binne

**Koffie en Klets**
*Bl 2*

**CVO nuwe strategie**
*Bl 3*

**Is jou handelsmerk effektief?**
*Bl 3*

**Meningstuk: Jan Snyder**
*Bl 4*

**Waarde van 'n vrou**
*Bl 5*

**Grondlyn**
*Bl 7*

**Ma's en dogters**
*Bl 8 en 9*

**Kwilt Kunswerk**
*Bl 9*

**Vryfees**
*Bl 10*

**Sportsgids**
*Bl 11*

**Celri skiet raak**
*Bl 12*

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Orania se pragvroue



KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



**KOFFIE EN KLETS**
met die redakteur



# Belê in jou gesindheid

Die wêreld sal 'n baie beter plek wees as ons daarop kan fokus om die lewe te vier! Vroue het 'n duidelike verantwoordelikheid binne hierdie konteks.
Vra jouself hierdie vrae:
· Staan ek in die oggend met 'n sug op?
· Wat is die eerste emosie wat my kind op my gesig of in my lyftaal lees wanneer hy of sy my in die oggend vir die eerste keer sien?
· Dra ek daardie emosie op my kind se gemoed oor?
· Watter gewoontes vestig ek in my kind se gemoed met my herhaalde optrede?
· Blaf ek kortaf die eerste woorde wat elke oggend uit my mond kom? Beledig of kritiseer ek sommer vroeg in die oggend my kind se omgewing, maniere of gedrag?
· Is dit ek wat die atmosfeer en ritme vir die hele dag stel, met daardie vroegoggend optrede van my?
· Het dit al so 'n gewoonte geword om negatief te leef dat almal om jou dit van jou verwag?
As dit nie jy is nie, baie geluk!
Die mag van die brein is om ons biologie te oorwin. Ons kan 'n besluit neem om goed te voel oor onsself, die lewe, en ons omstandighede met dankbaarheid te benader.
Die wêreld het ongelukkig vroue "misvorm" tot beheptheid met geld, met status, met aangeplakte skoonheid, materialistiese belang en aangeplakte vroomheid.
Is jy die positiewe verskil in jou eie, jou man, kind, vriendin of vriend se lewe? Ontstaan daar 'n sagte omgee, selfs as julle van mekaar verskil? Is daar ruimte om emosioneel te raak in mekaar se spasie? Kan jy luister, sonder om raad te gee of te kritiseer – net luister en omgee? Belê jy in jou verhoudings deur nie jou rug te draai nie, maar terug te draai en daarin belang te toon deur kontak te maak – respekvol, eerlik en liefdevol!
Moet nie toelaat dat konflik, tegnologie, drama en trauma jou vreugde in verhoudings steel nie. Wees die een wat met 'n sagte hart en stem terugdraai, teruggee en opdaag wanneer jou geliefdes dit die meeste nodig het.
Maak mekaar weer die hof – met koffie of 'n koeler drankie, maar draai om en gee om en klets!
Galasiërs 5:22 – lees dit. Leef dit!

*Dia van Staden*

# RUBRIEK Die Wynvlieg waai in Hoeveel Wors Kan 'n Dorp Vat?

Deur: Wynvlieg Woltemade




In Orania is werk nie 'n vloek nie- dis 'n roeping. En as daar nog nie 'n besigheid is nie, dan begin ons een. Of vyf...
Tans is daar vyf slaghuise op die dorp. Dit beteken jy kan in een straat wors koop vir jou braai, in die volgende straat wors vir jou hond, en 'n blok verder- wors vir die siel.
Elkeen het sy eie styl: die een gebruik net skaapvet, die ander een net Gert se bees. Die derde het "visionêre Jan-braaikonsepte" (en sit 'n veer in jou biltong).
Dis vryemark-kapitalisme met 'n kerkbasaar-gees.
Selfs Frank Opperman, Ouboet van Orkney Snork Nie, het onlangs in Orania gedraai. Toe hy daai vyf slaghuise sien, kon Wynvlieg sweer hy't vir homself gefluister: "Poeksie Woeksie se Worsie Wapsie is nou lus!".
Want dis presies hoe dit voel as jy deur 'n dorp stap waar daar by elke paar deure 'n aroma van boerewors en selfvertroue uitblaas.
Maar dis nie net die vleis nie. Dis kafees, ateljees, gastehuise, herverkopers en kleinhandelagente - alles met oorgawe. Want sien, in Orania is "ek's besig" 'n gees, nie net 'n ontvlugting nie.
En dit werk. Die dorp blom. Daar's werklik sukses. Maar soms ruk dit bietjie handuit.
Soos met die nuus dat 'n Paul Kruger-standbeeld replika opgerig gaan word. Nie 'n pop nie. Nie 'n muurtjie nie. 'n Pure Afrikaner standbeeld.
Wynvlieg verstaan- die man het 'n baard, historiese waarde en simboliek. Maar maar die tannies nog pannekoek verkoop om 'n nuwe klaskamer te bou, dan voel 'n ses-voet-bronsbaard dalk 'n bietjie vooruit op die plan.
'n Leser het gevra: "Hoekom bou ons 'n Kruger as almal hom reeds op hul mure het? Bou ons vir ons helde of vir ons ego?"
Die antwoord lê dalk êrens tussen vleis en visie.
In Orania bou ons. Dis mooi. Dis nodig.
Maar soms, in die gejaag om ons toekoms self te vorm, vergeet ons om te vra of ons mekaar nie dalk al klaar verkoop het nie.
Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek sit bo-op die worspapier, en ek's nie te koop nie, maar ek hou jou dop.

Lees Dit! Deel Dit!
koerania.co.za



# Karlien sit haar emosies in woorde om




In die oop ruimtes tussen sterre en swaartekrag sal jy Karlien vind waar sy kaalvoet en sonder pretensie by die Here sit. Daar waar sy met Hom kan gesels oor haar soeke en seer, want sy weet dat Hy gewillig en met deernis luister. Karlien vertel van haar kronkelpaaie van pyn en verlies en hoe sy deur die jare daardie paaie gevleg met haar onwrikbare geloof gestap het. In hierdie poëtiese teks vol beeldspraak en vloeiende kreatiwiteit gesels sy oor kwesbare grepe uit haar lewe. Sy deel met die leser haar ondersoeke in die Woord, die suiwer leringe van Jesus, sielvolle gedigte, lirieke en diep persoonlike gewaarwordinge. In Riviere in die wildernis leer ons Karlien ken soos nog nooit tevore nie. In haar arms het sy al lewe, siekte en dood vasgehou en geleer hoe om, of die Here nou gee óf neem, steeds 'n halleluja te sing.
"Riviere in die wildernis is soos 'n vars bries in die Christelike literatuur wat té dikwels besaai lê met versigtig geykte mooipraatjies," sê Jaco Strydom, skrywer van Daka.
**Al die LUCA-skakels op een plek:**
· Riviere in die wildernis (sagteband): https://loom.ly/DgjIr5M
· Riviere in die wildernis (e-boek): https://loom.ly/ScFDwdE
· Facebook: https://www.facebook.com/LUCALife.LUCALewe

# Madelein skryf tot die einde

## Izak de Vries skryf in memoriam vir Litnet: (Uittreksel)

Dit het begin met haar 2014-debuut, Die 13de kaart. Die roman was nóg 'n krimi in 'n getygolf van krimi's, maar tog ook baie anders. Sielkunde het Rust gefassineer, en daarom het sy Belia Bell, 'n forensiese sielkundige, geskep om haar moorde op te los.
Die vraag oor kanker het ek reeds in een van ons heel eerste gesprekke gevra, want die wenk is toe reeds duidelik gegee. Sy het dit egter doodgepraat en ek het dit so aanvaar. Bemarkers krap rond in ons "objekte" se persoonlike lewens, maar ons weet ook wanneer om ons bekke te hou. Haar nie wil praat oor kanker nie, het niks met ydelheid te doen gehad nie. Sy wou eers bekend word as 'n skrywer, nie as 'n Martie Martelgat nie.
Ilse Salzwedel skryf in 'n huldeblyk: (Uittreksel)
Pyn wat sy nooit toegelaat het om haar lewe te oorheers nie. Sy het elke oggend 4:00 opgestaan om vir minstens twee uur te skryf. Dít, het sy geglo, is haar terapie teen die pyn. Haar jongste boek, Drie moorde in die baai, het verlede week die rakke getref. Haar aanhangers het dit nie geweet nie, maar toe was sy reeds op haar sterfbed, onbewus van die groot vreugde onder lesers oor nog 'n boek. Hierdie keer 'n cozy, of snoesige misdaadroman. Gaan lees gerus haar kankerboeke om te hoor hoe lekker kon sy ook met haarself spot, selfs in die donkerste tye.

**Die volgende boeke het uit Madelein se pen verskyn (in geen spesifieke volgorde nie):**

- **LAPA:** Die 13e kaart, Monstersaad, Bloedlyn, Doodsengel, Moordhuis, Lam ter slagting, My naam is Legio, 25 trappe na benede en Kanker schmanker! (nie-fiksie).
- **NB-UITGEWERS:** Moederland, Siembamba, Bessie se hangkasbiblioteek, Drie moorde in die baai en Van vrees na vrede (nie-fiksie).


Foto: Dia van Staden

Madelein Rust tydens 'n onderhoud by die BoekeJol en Filmrolfees wat in 2015 in Pretoria aangebied is.




# TAALWEEK

Koerania sal in September se uitgawe meer vertel van Taalweek se opwindende gebeure.









Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Orania CVO-Skool mik vir groei met nuwe struktuur en hoof

Dia van Staden - Redakteur

'n Tyd van strategiese vernuwing het vir CVO-Skool Orania aangebreek. Met die fokus wat verskuif van fisiese fasiliteite na die innerlike "sagteware" van die skool, is die grondslag gelê vir 'n nuwe hoofstuk van groei en ontwikkeling. Die skoolbestuur het onlangs 'n herstrukturering van stapel gestuur, met die aanstelling van 'n nuwe skoolhoof, Susan Nieuwoudt, as 'n kerndeel van die plan.

Die Opvoedingsraad het besluit dat die skool nie kan stagneer nie. Volgens Willie Nel, is die doel om nuwe uitvoerende kapasiteit te skep wat die skool na die volgende groeifase sal neem. "Ons beplan vir groei," sê hy. Die skool se bestaande groei was hoofsaaklik "sywaarts", en die doel is nou om 'n nuwe strategiese roetekaart vir 2030 te implementeer. Dié plan behels die herstrukturering van die skool en die herdefiniëring van die rolverdeling van die Opvoedingsraad en die skoolbestuur.

Die kern van hierdie verandering is 'n hersiene organogram wat die skool op vier pilare bou:

·**Akademie:** Die skolastiese en akademiese fokus.

· **Skoolkultuur en Etos:** Die behoud van die skool se unieke karakter.

· **Buitekurrikulêre aktiwiteite:** 'n Fokus op sport en kultuur.

· **Korporatiewe Dienste:** Die maatskaplike en administratiewe been van die skool.

Die herstrukturering behels die heradvertering van middelvlakbestuurposte om by die korporatiewe been aan te pas, asook die aanstelling van fasehoofde. Die doel is om personeel te bemagtig en 'n duidelike struktuur vir besluitneming te skep.

**'n Nuwe hoof vir 'n nuwe fase**

Die soektog na 'n nuwe hoof was 'n deeglike proses. Die Opvoedingsraad het 'n konsultant aangestel wat die kandidate met psigometriese toetse, verkennende gesprekke en gestruktureerde onderhoude geëvalueer het. Die uiteindelike keuse het op Susan Nieuwoudt geval, die huidige hoof van Koffiefontein Hoërskool, wat 'n sterk agtergrond in stelsels en strukture het. Sy het saam met 'n ander kandidaat 'n voorlegging gedoen om haar visie vir die skool te demonstreer. Haar aanstelling is 'n teken van die skool se verbintenis tot professionaliteit en 'n stewige administratiewe fondament.

Nieuwoudt sal teen die vierde kwartaal by die span aansluit en is vol ywer vir die taak wat voorlê. Sy sien uit daarna om 'n uitvoerende rol te speel in die skool se strewe om die beste akademiese skool in die Noord-Kaap te word. "Ek is baie opgewonde om die leuse van die skool uit te lewe - tot eer van God en ter wille van ons kinders - deur die geloof," sê sy.

Sy glo vas in die belangrike rol wat 'n vroulike leier vir kinders speel. "Jy as vrou wys vir 'n kind hoe 'n vrou selfversekerd, onafhanklik en veerkragtig kan wees," verduidelik sy. Sy beklemtoon dat 'n vroulike rolmodel emosionele intelligensie bou en seuns help verstaan dat ware sterkte ook deernis insluit.

Nieuwoudt is 'n stelselmens met 'n passie vir dissipline en implementering. Sy wil die skool se maatskaplike been ontwikkel en verseker dat die groei in lyn is met die skool se nuwe wapen en die beeld wat hulle wil projekteer.

**Die pad vorentoe**

Die skool het reeds begin met die "hardeware" verbeterings, insluitend die aanplanting van vyf hektaar gras en die ontwikkeling van hokkievelde. Die nuwe fokus is nou op die "sagteware" – die mense. Nieuwoudt en die Opvoedingsraad is besig met die ontwikkeling van bestuursbeleide en die belyning van salarisskale met posvlakke om 'n duidelike en regverdige struktuur te verseker.

Die nuwe hoof is positief en hoopvol. "Ek is 'n baie positiewe persoon wat die inspirasie wil wees in Afrikanerkinders se lewens," sê sy. "Ek sien uit om saam te werk met personeel wat dieselfde kultuurwaardes het en wat kinders opvoed om hulle plek as Christene in die bose wêreld vol te staan."

Met hierdie nuwe rigting en leierskap is CVO-Skool Orania gereed om 'n nuwe era van groei en sukses te betree.


Willie Nel


Susan Nieuwoudt

# Is jou handelsmerk effektief?

Dia van Staden - Redakteur

Die Solidariteit Orania Netwerksentrum het op Maandag 28 Julie 'n Kommunikasie-en bemarkingsnetwerkgeleentheid aangebied waartydens besigheidspersone meer kon kom leer van hulle handelsmerk en sosiale media platforms.

Lindie de Beer, hoof van Solidariteit se kommunikasie- en bemarkingsafdeling, het die tema van handelsmerke voorgehou en van ontwerp tot sigbaarheid bespreek. Sy sê: "'n Handelsmerk skep 'n gevoel." Lindie het verduidelik dat 'n besigheidstrategie kan aanpas terwyl kernwaardes van 'n besigheid nie hoef te verander nie. Hoe elkeen hul kliënte wil laat voel en wat jou uniek maak moet oorgedra word.

Marike Grobler, afdelingshoof bemarking Solidariteit, het die noodsaaklikheid van eerste indrukke wat blywend gemaak moet word, uitgelig. "'n Goeie ontwerp is die iets wat jy nodig het om jou eerste indruk blywend te maak en om as uniek bo jou kompetisie uit te staan," verduidelik sy.

Marike noem dat bemarking die gesprek is wat jy met jou gehoor het om hulle in te trek. 'n Logo, kleure, tipografie, style n vorm en foto's dra daartoe by om 'n handelsmerk na verbruikers te kommunikeer.

Alexa Reinecke, bestuurder van sosiale media en inhoud by Solidariteit, het die gretige gehoor ingelig oor manière om 'n gemeenskap om jou onderneming te bou. Na afloop van die aanbiedings is daar rondom warm koffie en 'n te ete gekuier, nog vrae gevra en genetwerk.



Foto: Dia van Staden

Die bemarkingspan van Solidariteit het in Orania gekuier en 'n aanbieding oor hulle kennisveld aangebied. Alexa Reinecke, Marike Grobler en Lindie de Beer was die aanbieders.

## Nuutaangestelde hoof, Susan Nieuwoudt in verband met vroulike rolmodelle vir kinders:

'n Vroulike rolmodel speel 'n groot en dikwels lewenslange rol in 'n kind se ontwikkeling, of dit nou 'n ma, onderwyser, familielid of selfs 'n gemeenskapsfiguur is. Jy as vrou wys vir 'n kind hoe 'n vrou selfversekerd, onafhanklik en veerkragtig kan wees. As rolmodel help jy 'n kind om gesonde idees oor vroulikheid, respek en gelykheid te ontwikkel. Jy kan wys hoe om uitdagings aan te pak, grense te stel, en verantwoordelikheid te neem. Die vroulike rolmodel bou emosionele intelligensie. Jy dien as 'n voorbeeld met die manier hoe jy praat, luister en reageer om 'n kind te help om sy emosie te verstaan en gesond uit te druk. Jy help seuns verstaan dat ware sterkte ook emosionele intelligensie insluit. As rolmodel help jy kinders om nie vas te kyk in beperkende geslagsrolle nie. As betroubare, konsekwente rolmodel gee jy 'n gevoel van veiligheid. Jou suksesverhale, of selfs hoe jy deur moeilike tyd kom, inspireer kinders om aan te hou probeer. Jy dien as inspirasie vir die kind om aan te hou probeer. Vir dogters leer jy as rolmodel dat skoonheid nie net oor voorkoms gaan nie, maar ook oor karakter, vaardighede en gesondheid. Jy modelleer hoe om nee te sê, hoe om gesonde verhoudings te kies en hoe om ons Christelike geloof en Afrikanerkultuur te beskerm. Kinders word geleer dat gesonde verhoudings gebou is op respek, kommunikasie en gelykheid.



MENINGS STUK

# Alternatiewe Strategie vir Selfbeskikking

Ek Snyder – 18 Junie 2025



Ek is 'n getroue inwoner van Orania wat 'n voorlegging aan Dr Wynand Boshoff gedoen het rakende sy voorgestelde strategie vir 'n selfbeskikkingsgebied vir minderhede in 'n groot gedeelte van die Noord Kaap, en die baie belangrike rol wat die VF+ behoort te speel in die volgende agt jaar tot die 2033 Nasionale Verkiesing.

Onder die gaste was ook Dr Carel Boshoff IV, Mnr Theo Joubert LPR, Ek Beyers, Riaan Jacobs en etlike ander gemeenskapleiers.

Ek het reg aan die begin gesê dat ek onder geen omstandighede Orania se bestaan of beleid wil ondermyn nie, maar dat my voorstel behels dat behoudende gebiede dalk baie makliker hulle onafhanklikheid sal verkry vanaf 'n groter selfbeskikkingsgebied as vanaf die huidige Suid-Afrikaanse regering.

Om 'n strategie saam te stel, verg 'n baie deeglike analise vanwaar mens op die oomblik is en dan te besluit waar jy in die toekoms wil wees en planne te maak om daar uit te kom. Dit verg 'n duidelike roete met 'n bepaalde uitkoms teen 'n bepaalde tyd. Tussen-in is daar doelwitte langs die pad wat op sekere tye bereik moet word, meting en toesig om te kyk hoe mens vorder op jou roete, veranderinge aan te bring indien nodig en jouself te verfris en versterk deur die gebruik van sekere huplmiddele en hulpbronne.

In my voorlegging stel ek drie baie belangrike doelwittye vas: Die volgende Munisipale Verkiesings wat einde 2026 verwag word, die volgende Nasionale Verkiesing twee jaar later en derdens die Nasionale Verkiesing van 2033.

Die doelwitte word as volg gestel: Na die 2026 Munisipale Verkiesing, 'n baie meer dominante VF+ verteenwoordiging in die gekose dele van die Noord Kaap, die daarstelling van 'n skadu Volksraad en regering vir die Noord Kaap, baie noue samewerking met Cape X-it, die IFP en ander groepe rakende selfbeskikking, met die doel om aan te toon dat daar beduidende belang is in selfbeskikking indien die saak na die Wêreldhof moet gaan.

Na die 2028 Nasionale Verkiesing voldoende steun om te kan onderhandel vir 'n selfbeskikkende Federale Staat. In so 'n staat moet die Nasionale Regering nog bydra tot die onderhoud en administrasie van die gebied, iets waarvoor ons nog nie self voldoende fondse voor sal hê nie. Gedurende die volgende vyf jaar moet daar soveel moontlik ontwikkeling in die gebied plaasvind om werk te skep. Infrastruktuur moet herstel word om nuwes tot stand te bring en baie groot, werkskeppende kapitale projekte te begin soos 'n reuse dam onder die Augrabies, Boegoebaai hawe, Sonkrag, kernkragaanlegte en baie intensiewe landboupraktyke. Volgens my moet baie aandag daaraan spandeer word om geloofwaardigheid onder die huidige inwoners te verkry en te bewys dat hulle 'n beter toekoms saam met ons ander minderhede sal geniet. Soveel as moontlik van ons eie mense moet na die gebied gelok word deur bogenoemde, sowel as die daarstelling van kibboetse, “moshavim” en gemeenskaplandtrusts. Daarby moet ons die terugkeer van ons eie mense uit die buiteland sowel as ons jong buitelandse boere met hul kennis en finansies aanmoedig om hulle in ons gebied te kom vestig. Ons moet immigrante uit die Europese lande lok.

Na die 2033 verkiesing moet ons in 'n situasie wees waar ons om totale onafhanklikheid en eie Republiek, die Republiek van Goeie Hoop te kan onderhandel.

Ek het die Afrikaner se historiese strewe na onafhanklikheid vanaf 1795 tot datum en dit wat dit elke keer in die wiele gery het ekstensief gedek en gevra vir drastiese optrede wat ook 'n versoek vir restitusie van die VK insluit en soveel druk vir onafhanklikheid vir die Noord-Kaap en Wes-Kaap op die ANC te plaas dat hulle van Orania en Kleinfontein vergeet. Uiteindelik moet dit vir hulle so moeilik en duur wees om die gebiede te regeer dat hulle soos met die Vrystaat en ou ZAR ons ons onafhanklikheid gee.

Die tweede deel van sy voorlegging het spesifiek oor Orania se rol gehandel en sal in volgende Koeraniauitgawes gedek word.




KOMMENTAAR

## Die vryheidstryd bly 'n dinamiese werklikheid

-deur dr. Wynand Boshoff



Soms werk mense vir 'n groot doel, maar die verwesenliking daarvan lê nog in die toekoms. Dan is dit maklik om die oog van die uiteindelike doel af te haal en op die onmiddellike te fokus. Dit is natuurlik reg, want die onmiddellike is, wel, onmiddelik en met ons. Maar mens moet nie daarin vasval nie.

In hierdie geval praat ek natuurlik van die vryheidsideaal, en van Orania. Orania was nooit 'n doel op sigself nie, maar 'n groeipunt; 'n vastrapplek; 'n klein begin vir 'n eietydse, vrye Afrikanerstaat.

In die storm en drang van die oorgang van 1994 het dit gelyk of so iets onderhandel kon word. Hoekom dit nie gebeur het nie, is 'n groot debatspunt. Kom ons volstaan by "gebrek aan belangstelling". Afrikaners, oor wie se vryheid dit gaan, het gevestigde belange beskerm; en die nuwe Suid-Afrikaanse owerheid wou in elk geval niks daarvan weet nie.

Intussen werk Orania verder aan vryheid. Steen vir steen, neut vir neut, beeld vir beeld, toffie vir toffie. Maar soms is ons só besig met die volgende steen, neut, beeld of toffie, dat ons vryheid vergeet.

Dit is die regstelling wat Jan Snyder, die toffie-oom, met 'n voorlegging aan Oraniërs gemaak het. Eers het hy 'n uiteensetting gegee van die noodsaak tot vryheid. Daarby het hy die geleentheidsvenster wat tans bestaan, uitgelig. Hy het dit aangevul met die gebiedende noodsaaklikheid van ekonomiese groei.

Die belangrikste was om uit te wys watter take onderskeie rolspelers op hulle behoort te neem, want hierdie is nie 'n projek vir een mens of organisasie nie.

Ek het bygewoon, as verteenwoordiger van die Vryheidsfront Plus. Die noodsaaklike rol van die VF Plus, as politieke party met vryheid as bestaansrede, het hy duidelik uitgewys.

Vir die VF Plus kan dit nie genoeg wees om hier iets oor regstellende aksie te sê, en daar iets oor swart ekonomiese bemagtiging nie. Die party kan nie bloot bestaan om mense se belange te beskerm, binne 'n land waar hulle buitendien polities en kultureel oorstroom word nie. Dit het hy baie duidelik uitgewys en dit is 'n boodskap waarmee ek na die party se strukture teruggaan. Nie as iets nuuts nie, maar as iets wat maklik op die agtergrond kan raak.

Hy het ook na die groter gebied verwys en moontlikhede uitgewys om vennootskappe te skep, wat ons vryheidstryd kan help stry.

Hierdie was vir my een van die aangenaamste en mees inhoudryke werkswinkels die afgelope tyd, soos 'n skerp beitel op vryheid afgestem. Ek vertrou dat die praat ook in aksie, selfs gewysigde aksie, of aksie met 'n hernude, helder doel voor oë, sal lei.



Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# MENINGS OPNAME

**Koerania wou by 'n paar mans weet waaraan hul die waarde van 'n vrou meet en wie hul rolmodel is, indien hul wel een het.**



**Daniel Coetzee**

Ek meet 'n vrou se waarde aan haar vermoë om liefde en stabiliteit te gee, selfs in moeilike tye. 'n Vrou se krag lê in haar onwrikbare geloof, volharding en wysheid. Haar teenwoordigheid bring balans, haar woorde bring troos, en haar dade bring betekenis. Sy dra nie net 'n gesin nie – sy vorm dit.

My ma, Karin Coetsee, is sekerlik die beste voorbeeld van 'n "ystervrou" waarvoor ons kinders sou kon vra. Sy is 'n toonbeeld van opoffering, geloof en onvoorwaardelike liefde – haar invloed in my lewe lê diep in wie ek vandag is.



**Jacobus le Granse**

"Spreuke 31:10-12 Wie sal 'n deugsame vrou vind? Want haar waarde is ver bo korale. Die hart van haar man vertrou op haar, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie. Sy doen goed aan hom, en nie kwaad nie, al die dae van haar lewe."

My ouma was my rolmodel.



**Pieter Loots**

Ek meet die waarde van 'n vrou aan haar geloof. 'n Bybel gefundeerde lewe onderhewig aan die inwoning van die Heilige Gees bring alles voort wat nodig is vir 'n suksesvolle lewe, onder andere liefde, selfbeheersing, nederigheid, geduld, vrede, getrouheid en sagmoedigheid.

Rolmodelle in my lewe is my Ma Elsa en my vrou Celia.

# Haarateljee se sussies vier 3 jaar



Emmarentia Fourie en Esmarelda Nicolaisen is 2 dankbare sussies wat hulle eerste 3 jaar as eienaars van Die Haarateljee vier. Die tweeling geniet die interaksie met hulle kliënte en elkeen se lewensbattery is behoorlik gelaai as jy daar uitstap en soos 'n splinternuwe sikspens lyk!

Koerania wens die twee vroue 'n wonderlike toekoms en baie tevrede kliënte toe!

Hulle is intekenaars van Koerania. Jy kan ook deel word van die besighede wat Koerania tuis afgelewer kry:
https://koerania.co.za/intekenvorm/

# Juwelier vier 12 jaar



Foto: Conrad en Nikke Basson

Eden & Co is 'n baanbrekerswerk luukse juweliershandelsmerk, gesetel in 'n gees van innovasie en uitnemendheid. Hulle verhaal begin hoofsaaklik aanlyn, in 'n moderne werkswinkel van 200m² waar 'n span van sewe hoogsgeskoolde goudsmede, van die bestes in Suid-Afrika, buitengewone stukke skep.

Gedryf deur 'n deurlopende strewe na uitnemendheid, skep hulle alledaagse ontwerpe wat inspireer en boei. Hulle daag die siklus van weggooiverbruik uit en bied produkte wat doel en betekenis weerspieël. Hul kliënte verwag die beste, en so ook die span.

Saam het die span van EDEN & CO 'n huishoudelike naam in Suid-Afrika geword.

Dus, vir die doeners en diegene wat die fyner dinge in die lewe waardeer, omhels die buitengewone met EDEN & CO!

Koerania wil graag vir Conrad, Nikke en die hele EDEN & CO span gelukwens met 12 jaar se unieke mooi! Besoek hul webwerf by https://proudlyeden.com/ om te sien waarmee hulle kliënte volgende keer gaan verras!








# 'N STUDIETUISTE VIR *Afrikaners*

Bo-Karoo Opleiding is 'n privaat opleidingsinstelling in Orania
wat beroepskwalifikasies in skaars vaardighede aanbied:

**Boerderybestuur en Meganisasie**
**Tuisversorging | Tuissorgassistent | Vroeë Kinderontwikkeling**
**Bou & Siviele Konstruksie | Siviele Ingenieurswese | Elektries | Loodgieter**

Ons opleiding is gegrond op Christelike waardes en diep gewortel in die vryheid en unieke erfenis van Afrikaner kultuur. Kom studeer in 'n vry, veilig en voorspoedige omgewing, hier op ons kampus sonder mure.

**www.bko.co.za**
**053 110 0620**

BKO
BO-KAROO OPLEIDING

GRONDLYN

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

Dr. Wikus Buys - Begrondinstituut.

# Die versierde bruid – kultuur as heiliging



"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is." Open. 21:2.

Daar is baie beelde in die Bybel waarmee gelowiges aangedui word. Een daarvan is die van 'n vrou, spesifiek 'n mooigemaakte bruid. Deur die beeld van 'n versierde bruid leer die Heilige Gees ons baie dinge, ook wat dit beteken om ons kultuur voor God te heilig.

Die woord 'kultuur' is 'n wye woord. Hier neem ons dit as enigiets wat die mens doen om die natuur te omvorm. In 'n sekere sin is dus alles wat ons doen eintlik kultuur, dit is ons manier van leef. As Christene weet ons dat ons hele lewe aan God toegewy moet wees. So leer die apostel Paulus ons: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God." 1 Kor. 10:31. Hierdie duimreël geld natuurlik ook vir volke. Ons moet dus ook in ons hele kulturele lewe altyd die heerlikheid van God op oog hê.

Christus se trou vrou

Om nou aan te sluit by die beeld van die versierde vrou: ons weet dat ons as gelowiges, wanneer ons voor God gaan verskyn, mooigemaak gaan wees. Die gelowiges is inderdaad Christus se trou vrou. Om het hier te make met twee dinge wat soos in gevlegde goue draad in die Bybel loop naamlik 'regverdigmaking' en 'heiligmaking'. Die Skrif leer dat ons lewe alleen deur geloof in Jesus Christus se persoon en werk reg voor God gemaak word. Wanneer jou lewe in Jesus Christus regverdig voor God is, dan wil die Here deur sy Heilige Gees jou hele lewe verder aan God verbind. Dit noem die Bybel heiligmaking. Om heilig gemaak te word is dat jou hele lewe tot God se beskikking gestel word. Jou hele lewe word dan 'n instrument in die grootmaak van God se wonderlike Naam en sy groot dade. Dit geld, soos genoem, ook vir 'n geredde volk in sy gelowiges. 'n Volk se kultuur, ons manier van lewe, word dus wesenlik beïnvloed of mens in Christus glo of nie. Gelowige mense weet dat hulle hele lewe, ook hulle volk se lewe, in Christus toegewy word aan God se bedoeling vir daarmee.

Groot troos

Dit gee ons 'n wonderlike troos maar ook 'n skerp vermaning. Wanneer dinge swaar gaan en wanneer die lewe soms sinloos lyk, dan kan gelowiges weet: in Jesus Christus het ons lewe sin. Dit moet die gelowiges ook aan die volke vertel, ook in hulle eie volk. God maak in Christus ons saak met God reg. Dit beteken dat nie net ons persoonlike sondes nie, maar ook ons volk se sondes ter wille van Jesus Christus vergewe kan word. Daarvoor is geloof nodig en 'n opregte vashou aan God se beloftes en eise. Ons volk is tans onder baie druk. Daar is baie mense wat ons wegwens en selfs in die see wil jaag. Ons troos as gelowiges is dat in Christus het ons lewe weer sin en betekenis gekry. Ons lewe nie verniet nie. In die redding van Jesus Christus lê daar vir ons 'n groot en wonderlike toekoms. Maar redding gaan nie sonder heligmaking nie.

Voorberei vir ontmoeting

As God iemand red, dan het God 'n bedoeling met so iemand se hele lewe. God heilig daarom die mens se lewe en gawes en werk om diensbaar te wees aan God se bedoeling. Dit het ook vir ons volk baie betekenis, en veral vir ons roeping hier op Orania. Die bruid van Christus word versier, sy word mooigemaak vir haar Man en haar troudag. Die versiering van die bruid word spesifiek deur die Heilige Gees gedoen. God se Gees berei toe en Hy maak Christus se bruid mooi vir Hom. God berei haar toe, Hy maak haar gereed en tref alle nodige voorbereiding. Hy voorsien in sy wonderlike genade alles wat nodig is om haar reg te kry vir haar volkome ontmoeting met Christus.

'n Volk wat 'n Christelike kultuur wil handhaaf, moet erns maak met hierdie optrede van die Heilige Gees, in ons persoonlike lewens en in ons volk se geskiedenis. Kultuur gaan oor heilige dinge, dit raak ten diepste God die Heilige Gees se voorbereidings wat Hy tref – ook in volke se lewe – dat hulle Christus volkome kan ontmoet. Die bruid is toeberei en versier. Hierdie mooi versiering beteken nie net dat alles ordelik reggemaak word nie, maar dat sy gedekoreer word. Die griekse woord beteken dan ook 'kosmetiek'. Dit sluit ook die kultuur handeling van volke in en dui op die kultuurskatte van geredde volke in hulle gelowiges wat hulle eer en skatte na die Koning toe aanbring. So staan dit in Open. 21:24,26: "En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin ... en hulle sal die die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring."

Kulture lewe is meer as vermaak, kultuur handeling is meer as 'hoë kuns'. Dit is waar 'n volk in sy gelowiges hulle hele lewe – as volksgemeenskap – laat stel onder die invloed van die Heilige Gees, die Gees van Christus sodat ook die volkslewe toeberei kan word en met kultuur skatte versier kan word. 'n Gelowige volk weet dat sy God self voor sy troon gaan ontmoet, en sy het haar in haar gelowiges as bruid laat toeberei en versier vir hierdie ontmoeting. Die heiligheid en erns hiervan is aangrypend. Is alles wat ons doen in Orania gereedgemaak om na die bruilof met Christus saam te gaan?






# Ma's en dogters praat uit hul harte

*Dit is die maand waar daar meer vroulike bewustheid wêreldwyd geskep word. Die vraag aan 'n paar ma's en hul dogters was waarom 'n goeie verhouding tussen 'n ma en haar dogter belangrik is, en hoe hulle dit laat werk.*



**Zelda van Staden (45) en Yoraldé Grotius (24)**

Vertroue en wedersydse respek vorm vir ons die fondament van ons verhouding. Ons besef dat elkeen uniek is, met ons eie ooreenkomste én verskille. Dit gee ons die vrymoedigheid om enige onderwerp te bespreek en eerlike opinies met mekaar uit te ruil.
Ek besef dat Yoraldé nou 'n volwasse jong vrou is – onafhanklik, met haar eie huishouding en die vermoë om haar eie besluite te neem. Terselfdertyd weet ek dat my ma altyd daar is vir my – onvoorwaardelik, ongeag wat ek nodig het.
Vanaf jong ma en klein dogtertjie het ons verhouding gegroei tot iets dieper: nie net ma en dogter nie, maar ook ware vriendinne.



**Lurika (42) en Janel Cornelius (17)**

Die verhouding tussen 'n ma en dogter is baie spesiaal... as daar tyd, liefde en aandag daaraan spandeer word en dit oorleef die tienerjare (hie hie!) skakel dit om in 'n vriendskap. Hierdie verbintenis is altyd in jou lewe - of dit goed is of sleg is. Dit is die moeite werd om dié verhouding te koester!
Ons is baie eerlik met mekaar en praat oor dinge as dit krap. En dan geniet ons regtig mekaar se geselskap. Ons geniet dit om tyd saam te spandeer. Wanneer dit rof gaan is selfs die paar minute in die bakkie op pad dorp toe of terug opvangtyd. Ek mag nie terwyl ons tweetjies dorp toe ry stemnotas stuur of antwoord nie – dit is dan háár tyd!



**Maritza (44) en Minqie du Plessis (9)**

As jy die wêreld wil verander, moet jy eers jou skoene in die sitkamer optel! Dit moet nogal gereeld gesê word. As jy nie uitnemend kan wees nie, wees die uitsondering deur goed te wees vir ander. Wees braaf, bly gaaf! Dis altyd beter om eerlik te wees. Ons is almal net mense en om foute te maak is hoe mens groei. Ons maak foute en word kwaad, maar later kry ons wel 'n manier om daaroor te lag. Mens lag soms die lekkerste as jy vir jouself kan lag!
Ek herinner Minqie gereeld: "Onthou jou ma is ook net 'n "meisie" wat vir die eerste keer die lewe op haar eie unieke ouderdom ervaar."
#lewe.net



**Marcel (47) en Celri Jacobs (14)**

'n Gesonde en liefdevolle band tussen 'n ma en haar dogter lê die fondament vir sterk gesinne en 'n Goddelike lewenswyse wat aan die volgende generasie oorgedra kan word. So 'n verhouding is belangrik omdat dit ruimte skep vir groei en leer – om saam te ontwikkel tot die beste weergawe van vrouwees, hetsy as ma of dogter.
As ma weet ek dat ek nie alles weet nie. Ek moet bereid wees om te luister, om te leer – selfs by my dogter – en om nederig te wees en soms jammer te sê. Ek wil haar veilige hawe wees, altyd beskikbaar met liefdevolle raad. Ek wil hê sy moet altyd onthou dat sy 'n koningskind is, ongeag haar omstandighede.
As dogter besef ek ook dat ek nie alles weet of verstaan nie, en daarom kies ek om altyd oop en eerlik met my ma te wees. Ek deel alles met haar – van my vreugdes tot my diepste seer. Ek weet sy gaan my nie veroordeel nie, maar my met wysheid en liefde lei, want sy wil altyd die beste vir my hê.
Saam is ons nie net ma en dogter nie, maar ook vriendinne wat elke fase van die lewe saam koester en geniet met liefde, respek en kommunikasie as belangrike sleutels tot n mooi en gesonde verhouding.

5. Lene van der Walt (60) en Rina van Dyk (83)



Van die eerste oomblik af wanneer 'n vrou 'n moeder word, besef sy eers werklik wat dit is om vir die res van haar lewe met 'n ewige en onvoorwaardelike liefde aan daardie klein mensie verbind is.
'n Goeie verhouding tussen 'n ma en haar dogter lê die grondslag vir selfvertroue, veiligheid en emosionele stabiliteit. Dis 'n unieke band wat oor generasies wysheid, liefde en ondersteuning dra. Wanneer daardie verhouding gesond is, dien dit as 'n anker in moeilike tye en 'n bron van vreugde in goeie tye. 'n Ma-dogter-verhouding is een van die mees vormende en betekenisvolle verhoudings in 'n vrou se lewe. Dis nie net die eerste voorbeeld van vrou-wees wat 'n dogter sien nie, maar ook die eerste plek waar sy leer van liefde, versorging, grense en vertroue. 'n Sterk band tussen ma en dogter skep 'n veilige grondslag waarop al die ander verhoudings in haar lewe kan bou. Dis een van daardie verhoudings wat jou vorm van kleins af – dit gee jou 'n veilige plek om jouself te wees. Dis 'n verhouding waarbinne daar plek is vir beide groei en terugval, vir raad én vir stilte. Wanneer dinge moeilik gaan, is daardie band iets waaraan mens kan vasklou.
Ons maak tyd vir mekaar, of dit nou 'n vinnige koffie of net 'n hallo sê is, maar ons dwing dit nie af nie, dit gebeur natuurlik. Ons verskil soms, maar omdat respek en eerlikheid vir ons belangrik is, luister ons na mekaar en gee ruimte vir mekaar se perspektiewe en persoonlikhede. Dis juis daardie balans van liefde en begrip wat dit werkend hou. Ons verhouding is nie perfek nie, maar dis eg. Dis ook 'n verhouding wat saam ontwikkel: van versorging en leiding in kinderjare, tot ondersteuning, vriendskap en selfs wederkerige respek in volwasse jare. Wanneer die verhouding goed is, voel dit soos 'n rusplek – iemand wat altyd jou kant kies, maar ook eerlik met jou is wanneer jy dit die nodigste het. 'n Ma leer haar dogter van krag in gebed en geloof. 'n Dogter herinner haar ma daaraan dat groei nooit ophou nie. Dis 'n band wat, selfs met sy uitdagings, 'n diep gevoel van behoort en verbondenheid gee. Daarom glo ons dat LIEFDE die grootste faktor is vir 'n mooi verhouding.



Esna de Beer (58) en Anella Schumann (21)

Die verhouding tussen 'n ma en haar dogter is die basis van vrouwees.
Anella se lewensboek, met nog vele ongeskryfde bladsye lê voor haar oop. My mammaboek het al heelwat geskrewe werke in. Vandat Anella werk en studeer en ek meer luister wat sy eintlik vra of sê, is ons verhouding op 'n, ek noem dit "gee vrouwees vlerke" vlak! Dit beteken ons gee mekaar ruimte (ook vir pret), ons luister na mekaar se behoeftes en ons vertrou mekaar.
Tipies moeder is ek natuurlik op 'n deurlopende basis besig om vir haar raad te gee oor alles en nog wat!
Sy, aan die anderkant, lug graag met vrymoedigheid haar mening betreffende my doen en late en tik my ook dikwels goediglik maar kwaai oor die vingers. Ek vat dit maar…
Uiteindelik is ons oop en eerlik in gesprek, lief ons mekaar met 'n liefde wat net 'n moeder en dogter wat al saam deur diep waters is, mekaar kan liefhê.

# Wyn, kwiltkuns 'n sensoriese fynproewerpassing

Vrouedag het op Saterdag 9 Augustus kunstige kleur én geur aan die Voortrekkermonument verleen danksy 'n unieke kwilt-en-wynpassingsgeleentheid wat in die Senotaafsaal aangebied is. Hierdie uitsonderlike geleentheid is deur die Montpellier de Tulbagh-wynlandgoed en Creative Journeys in samewerking met die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) aangebied.
Gaste kon bekroonde smake én bekoorlike kwiltkuns ervaar deur ses kwilte by ses van Montpellier de Tulbagh se produkte uit sy kelders te pas – een witwyn, twee rooiwyne en drie Méthode Cap Classique's (MCC's).
Antoinette Kriel, eienaar van Creative Journeys, het Montpellier de Tulbagh 'n paar jaar gelede met dié unieke idee genader en vir die afgelope drie jaar reeds drie uiters suksesvolle geleenthede aangebied. Saterdag was dit die noorde van die land se beurt om te ervaar hoe twee uiteenlopende kunsvorms soos klip in kettie pas.
Volgens Kriel lê die kern van die kwilt-en-wynpassing in die ontmoeting tussen die kuns van wynmaak en die skeppende proses van kunskwilte. "Die passingsgeleentheid vir genooide gaste is 'n interaktiewe spel van sintuie, herinneringe en estetiese smaak," sê sy.
In die gees van ons ryk erfenisnalatenskap, die herdenking van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) 150 jaar gelede en hul bydrae tot die Afrikaanse taal en kultuur, was dit vir die FAK gepas om 'n kwilt-en-wynpassing aan te bied.



Foto: Verskaf

Riëtte Eggink, ambassadeur van Montpellier de Tulbagh en Jenny Hermans, 'n kunstenaar van Kaapstad, by een van haar kunskwilte wat tot 18 September 2025 in die Voortrekkermonument te siene is.



# Vryfees in Bloemfontein skep 'n verhoog vir talent

Dia van Staden - Redakteur

















'n Tafel en 'n stoel vertel die verhaal van Seun – Dana Snyman se storie – wat Wilhelm van der Walt met oortuigende briljantheid vertolk.

Die soms ontstellende nuanse van Dana Snyman se lewe is in dié memoir vervat. Nico Scheepers verdien 'n toekenning vir sy regie. Die wyse waarop emosie oorgedra word met beligting, musiek, stemtoon, beweging kan net as fantasties beskryf word.

Johann Smit as draaiboekskrywer het 'n wonderlike verwerking van die boek, Seun, gedoen. Wilhelm van der Walt verewig sy naam as teaterkunstenaar met hierdie stuk. Hy beleef elke deel van die karakter en dra dit uiters uniek oor, sonder om enige geloofwaardigheid prys te gee.

Die politieke bewegings wat die in 80's afgespeel het, is steeds relevant. Dit skep vrae, dit skep woede en dit skep steeds inhoud vir ernstige gesprekke. Die verhouding tussen 'n seun en sy ouers word sentraal hierin duidelik gemaak.

Die wonde wat die weermagverlede en gebeure op mans gelaat het, is 'n diepliggende seer wat verdien om vertel te word. Die impak op mans is steeds in die samelewing sigbaar.

Die minimalistiese rekwisiete is uiters effektief aangewend. Die donker en lig se gebruik met die beligting skep 'n sterk atmosfeer wat die gehoor aanhoudend insluit en by die dramatiese gebeure betrek.

Lede van die gehoor het na afloop van die teaterstuk met Koerania gedeel dat hul diep geraak is deur Dana se werklikheid en dat sy storie hul eintlik ontstel het. “Wie sou kon raai,” noem die een.

Die tempo van die verhoogstuk, wat 90 minute lank is, het spesiale trefkrag. Wilhelm van der Walt verloor nooit sy drif en momentum nie. Die gehoor het gedurig “hoorbaar” hul asems opgehou, en daarmee het die afwagting bygedra tot 'n volgende verrassende stukkie drama.

Gaan sien dit as jy kan!



Duiker Dameskoshuis spog met hulle uniform

Voor links na regs is Renicke Erasmus, Lisa Paulsen (onderprimaria) en Nalet Maass. In die tweede ry is Alida Marais, Chris-Mari Barnard, Lumé de Beer en agter staan Jaydee Visser, Lyndré Paxton, Anika Bezuidenhout, Maria Pretorius, Marlize van Rooyen (SR Sport en Kultuur 2023/2024), Aniké Pieterse en Mikyla Norval. Heel agter in die middel staan die vrolike Anja Lourens (primaria).








Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# SPORTGIDS

**Amateurstoei**
Willem Strauss - 079 299 0631
Saamstaangebou
Seuns vanaf 6 jarige ouderdom kan
Maandae en Donderdae van 17:30 tot 19:00



**Ballet**
Eldien Kirsten @ 076 712 7801



Uysie Kirsten @ 082 683 6317
Uysie Kirsten Balletskool
Beginners vanaf enige ouderdom welkom

**Boogskiet**
Willem Jacobs @ 083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks



**Fietsry**
Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp)



Groepritte Dinsdagmiddae / Saterdagoggende

**Gimnastiek**
Michelle Jacobs
072 550 8462 / oranje.gimnastiek@gmail.com
Oranjerivier Gimnastiekklub
Saamstaan Winkelsentrum
Maandae tot Donderdae: 14:00 tot 16:00.

**Hokkie**
Jané Ebersohn @ 072 241 9142



**Jukskei**
Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp)



Thinus van Dyk @ 0731693505
Woensdae en Donderdae 16:30 tot laat

**Karate**
Henk Steyn @ 076 790 8843



**Moderne dans**
Janel Cornelius @ 068 589 9227

**Muurbal**
Victor Correia @ 082 568 5587






**Orania Atletiekklub**
Christo Muller @ 083 628 0272

**Orania Rolbalklub**
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.

**Orania Sportskiet**



Johan van Loggerenberg @ 079 335 1621

**Paaldans**
Yoraldé Grotius @ 082 065 8593
Elke Dinsdag vanaf 17:00
R300-00 per maand






**Perdry**
Jessica Bornman @ 082 823 2541

**Pluimbal**
Koos le Grange @ 083 568 703

**Sportklub: Rugby, Netbal en Hokkie**
Hendri/Marike Labuschagne
072 453 5577 / 072 604 2564

**Swem**
Hester Botha @ 082 093 4352





**Tennis**
Willlie Steenkamp
Whatsapp: 082 490 4935

**Tenshinkan Karate Orania**
Henk Steyn @ 076 790 8843
Volkskool Orania
16:30 tot 17:30

# Lisa trek goud los



Lisa Paulsen, tweedejaar Boerderybestuurstudent en onder-primaria van die Duiker Dameskoshuis, het die afgelope naweek aan die Suid Afrikaanse nasionale toutrekkampioenskap, as lid van die Griekwaspan, in Hartenbos deelgeneem.
Op die eerste dag het sy deelgeneem aan die 500kg dames gewigsafdeling as Griekwa A-span, en het goud in die presidentafdeling gewen. Sy het ook aan die 540kg en 560kg o/23 gemengde span deelgeneem vir die Griekwa B-span.
In die 500kg se o/23 gewigsafdeling het sy met goud weggestap in die Presidentafdeling!
BKO is trots op hulle toutrekmeisiekind.

Lisa Paulsen gooi haar bietjie gewig in om die Griekwaspan se 500kg vol te maak.



Geluk aan die BKO netbaldames… Die jaarlikse Interkollege teen Landboukollege Vrystaat het vele hoogtepunte opgelewer. Die dag het afgeskop met mans vlugbal en Bo-Karoo Opleiding het net-net verloor. Die netbaldames, mans hokkiespan en dames hokkiespan het geseëvier! Ander sportsoorte waarin hul meegeding het is skaak, toutrek, tafeltennis en potbal.






KOERANIA Sport
Augustus 2025
Volume 1 Uitgawe Nr 21




# Celri mik vir sportskieter-kolskoot

Dia van Staden - Redakteur



Celri Jacobs is besig om haar eie pad oop te skiet met haar unieke sportkeuse, en sy geniet elke oomblik van die persoonlike uitdagings wat dié sport bied. Gewapen met 'n luggeweer wat met 'n gasmengsel aangedryf word, mik hierdie jong sportskieter vir niks minder as goud nie.

Celri se passie vir skiet het begin op 'n kerkbasaar, toe haar pa haar talent raakgesien het. "My korrel was nogal goed," vertel sy met 'n glimlag. Daardie basaar-ervaring het die vonk aangesteek en haar pa het haar dadelik by SANSU (South African National Shooting Union) laat aansluit om kompeterend te kan deelneem.

Sportskiet is 'n Olimpiese sport wat deelnemers met 'n fyn balans van fokus, beheer en presisie uitdaag. 'n Kompetisie of liga word gewoonlik oor twee dae aangebied. Celri verduidelik dat elke skieter drie driepote opstel, elk met 'n spesifieke doel: die een voor haar word vir haar geweer aangewend, die een links vir haar ammunisie en die een regs vir haar pistool of ander toerusting. Die driepote word verstel vir elke posisie - lê, staan of kniel - en word 'n noodsaaklike deel van haar roetine.

Wanneer die skietuitdaging begin, kry elke deelnemer onbeperkte proefskote, gevolg deur 20 teikenskote wat vir punte tel. Dag een bestaan uit 'n kombinasie van lê-, kniel- en staanskiet, terwyl dag twee uitsluitlik fokus op die 10m staanskietkompetisie. Sy geniet die ligas ontsettend, waar sy die ander deelnemers, wat al soos familie geword het, ontmoet.

Die Noord-Kaap het tans tussen 10 en 15 deelnemers in die onder-14 afdeling, waarin Celri aan die voorpunt staan. Sy merk op dat die o/14-ouderdomsgroep 'n meerderheid meisies het, maar dat daar in die hoër ouderdomsgroepe gewoonlik meer seuns is. Celri neem deel in die sporter-afdeling, een van die drie afdelings wat ook veergewere en pistole insluit. Almal werk met lug of gas. "Dit is sporttoerusting en nie 'n moordwapen nie," benadruk sy.


Die lê- en knielafdeling duur elk 25 minute, terwyl die staanafdeling 'n 30 minute sessie is. Die energieke meisie verduidelik met 'n glimlag dat meisies 'n natuurlike voordeel in die staanafdeling het. "Meisies vaar beter in die staanafdeling omdat ons heupe het, want jy rus met jou elmboog op jou heup, soos vir dooierus, om 'n meer stabiele skoot af te vuur," vertel sy.

Fokus en beheer is vir Celri 'n uitdaging, veral wanneer sy bewus is van die tyd wat wegtik. Sy het 'n meganisme wat haar herinner hoeveel tyd sy per afdeling oor het om senuwees in toom te hou. Omdat dit 'n binnenshuise sport is, oefen sy in die stoor op hulle plot, wat haar voorbereiding vergemaklik.

Haar grootste droom is om in die top 8 by die SA's te eindig, wat haar 'n kans sal gee om in Engeland te gaan deelneem. Om dit te bereik, oefen sy op 'n minimum van twee teikens vir drie tot vier dae per week. Met hierdie dissipline slyp sy haar posisie, fokus, asemhaling en ander tegnieke wat van haar 'n uitstekende skieter maak.

Van 3 tot 9 Oktober word die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Modimolle, Limpopo, aangebied, waar vier meisies en een seun uit die Noord-Kaap aan die o/14-kampioenskappe sal deelneem. Celri spreek 'n wens uit dat meer jongmense die sport sal ontdek, sodat hulle saam met haar die vreugde daarvan kan ervaar.

Hoewel sportskiet 'n duur sport is, het die Noord-Kaap 'n geweer vir haar beskikbaar gestel sodat iemand anders saam met haar kan oefen. Dit is 'n opwindende vooruitsig vir haar. Nalet Maass, 'n student by Bo-Karoo Opleiding, het ook 'n groot bydrae tot Celri se afrigting gemaak. "Dit sal vir my so lekker wees as nog mense saam kom skiet, want ek sal graag vir ander wil leer wat ek nou al weet," sê sy opgewonde.



Celri jag nog nie, maar sien daarna uit om eendag dalk 'n Springbok te skiet. Met haar passie en toewyding is dit duidelik dat hierdie jong sportskieter haar eie toekoms doelgerig en met selfvertroue skep.









